

GEMEENTE. LES 6

1	GEBED
----------	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute)	[STILTETYE] 1 KORINTIËRS 2 - 5
----------	------------------	-----------------------------------

Maak beurte en vertel/deel (of lees) kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (1 Korintiërs 2 - 5). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute)	[CHRISTELIKE KARAKTER] DIE HERHALING VAN SERIE E
----------	-------------------------	---

Repeteer/herhaal twee-twee die 5 Bybelverse van serie E: Christelike karakter.

- (1) Christus gelykvormigheid. 2 Korintiërs 3:18
- (2) Reinheid. 1 Petrus 2:11
- (3) Liefde. Markus 12:30-31
- (4) Geloof. Romeine 4:20-21
- (5) Nederigheid. Filippense 2:3-4

4	BYBELSTUDIE (85 minute)	[EVANGELIE VAN JOHANNES] (3) JOHANNES 1:19-51
----------	-------------------------	--

Maak gebruik van die vyf stappe metode en doen saam Bybelstudie uit Johannes 1:19-51.

Inleiding. Johannes 1 tot 12 beskryf die openbare bediening van Jesus Christus. Johannes 1:15 tot 2:12 beskryf hoe die Woord, Jesus Christus, Homself aan Johannes die Doper en sy eerste dissipels openbaar.

STAP 1. LEES.	GOD SE WOORD
<i>Lees.</i> Ons gaan Johannes 1:19-51 saam bestudeer. Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.	

STAP 2. ONTDEK.	WAARNEMINGS
Oorweeg. WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK? OF: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART? Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek. Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het. Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.	

1:39,46

Ontdekking 1. Kom saam, dan sal julle sien.

Toe die dissipels Andreas en Johannes Jesus gevra het waar Hy woon, het Hy net gesê: “Kom saam, dan sal julle sien.” Jesus het ander mense betrek in sy lewe en in sy woonplek. Hy het mense die geleentheid gegee om Hom van nader te leer ken. Hy wou hê dat hulle sy lewe kon sien. Sommer gou het sy dissipels dit ook gedoen. Toe Natanael vra of Jesus wel die Messias kon wees omdat Hy uit Nasaret, ’n klein onbelangrike plekkie kom, het Filippus vir hom gesê: “Kom kyk!” Die dissipels wou hê dat mense Jesus leer ken en betrokke sou raak by sy lewe. Daarom nooi hulle mense uit om na Jesus toe te kom en self te ontdek wie Hy was.

As Christene wil hê dat ander mense Jesus moet leer ken en sien wie Christene is en hoe hulle lewe, dan moet hulle mense in hulle lewe en huis betrek. Ek wil ook die voorbeeld van Jesus en sy dissipels volg en mense in my lewe en huis betrek sodat hulle Christene en Christus mag leer ken.

1:42

Ontdekking 2. Hoe om na mense te kyk.

Toe Andreas sy broer, Simon, na Jesus toe gebring het, het Jesus na sy hart gekyk. Jesus het geweet dat Simon 'n groot man was met 'n klein hartjie. Hy het geweet dat Simon groot dinge kon belowe, maar te bang was om dit uit te voer. Hy het geweet dat Simon 'n impulsiewe man was. Maar Jesus is die Groot Profeet, wat nie net 'n mens ken soos hy nou is nie, maar ook soos hy in die toekoms kan verander. Hy het geweet dat Simon sou verander en 'n stabiele, onbevreesde en volhardende persoon sou word. Jesus het na Simon gekyk en hom gesien, nie soos hy daar nou uitsien nie, maar soos hy in die toekoms sou kon word! Jesus het voorspel hoe God se genade hom sou verander en wat God in sy lewe tot stand sou bring. Daarom het Jesus aan Simon 'n nuwe naam gegee en hom 'Petrus' genoem, wat 'rots' beteken.

Later, in Matteus 16:18 het Jesus gesê dat Hy sy Kerk op Petrus, die rots, sou bou. En in die boek Handelingte kan ons lees hoe Jesus Petrus gebruik het om die eerste gemeente onder die Jode, die eerste gemeente onder die half-Jode (die Samaritane) en die eerste gemeente onder die nie-Jode (die heidene) te stig.

Ek wil soos Jesus wees en na mense kyk, nie net na hoe hulle nou is nie, maar na wat hulle in die toekoms deur God se genade kan word. Die genade van God kan elke mens op aarde verander! Ek wil mense inspireer om te hoop (verwag) dat God se genade hulle kan en sal verander. In plaas van krities net op die foute en tekortkominge van mense te let, wil ek mense bemoedig en aanspoor om vooruitgang te maak in hulle groeiproses as Christene.

STAP 3. VRAAG.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Johannes 1:19-51 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen 'n beurt kry om hulle vraag te lees.

Bespreek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

1:21

Vraag 1. Was Johannes die Doper 'Elia' of nie?

Aantekeninge.

Maleagi 4:5-6 sê, "Ek gaan vir julle die profeet Elia stuur voordat die dag van die Here kom, die groot, die verskriklike dag. Elia sal vaders en kinders met mekaar versoen sodat ek nie hoef te kom en die land heeltemal vernietig nie." Gebaseer op hulle eie *letterlike* uitleg van hierdie profesie het die Jode verwag dat die profeet Elia self vóór die koms van die Messias na die aarde sou kom.

Maar in Lukas 1:17 het die engel van die Here voorspel dat Johannes die Doper die voorloper van Jesus sou word en dat Hy sy werk sou doen "in die gees en krag van Elia". Hy sou die hart van die vaders bekeer na die kinders en die on gehoorsames tot die bedagsaamheid van die regverdiges, om vir die Here 'n toegeruste volk gereed te maak.

In Matteus 17:12-13 noem Jesus Johannes die Doper 'Elia'. Hoewel Johannes die Doper nie letterlik Elia was nie, sê die engel van die Here en Jesus Self dat Johannes die Doper die profesie oor Elia in Maleagi 4 vervul het. Jesus het duidelik gesê dat Elia al gekom het en sy voorbereidingswerk gedoen het maar dat die mense in die volk Israel hom nie herken het nie en uiteindelik hom dood gemaak het.

1:25

Vraag 2. Waarom het Johannes die Doper mense met water gedoop?

Aantekeninge.

(1) Die reiniging deur die priesters.

Johannes die Doper het duidelik gesê dat hy nie die Messias was nie, ook nie die 'Elia' wat die Jode verwag het nie en ook nie "die profeet" wat God aan Moses beloof het nie (Deuteronomium 18:18-19). Die Fariseërs het hom gevra waarom hy dan mense met water doop, 'n taak wat eintlik net by die Messias of sy verteenwoordiger hoort? Hulle het verwag dat net die Messias of Elia of 'die Profeet' met water mag doop. Die Fariseërs het geweet dat nie elke mens die reinigingsrites (van die seremoniële wet), waartoe die doop met water behoort (Johannes 3:23-26), mag uitvoer nie. In Levitikus 14:1-7 mag net priesters 'n lewendige voël in water, gemeng met bloed van 'n geofferde voël doop. Net die priesters mag 'n besmette mens sewe maal met water, gemeng met bloed, besprinkel.

(2) Die beloofde reiniging deur die Messias.

En ten slotte, die reinigingsrite is 'n duidelike Messiaanse handeling. In Esegïel 36:25 sê die HERE, "Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi sodat julle rein kan word. Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle

afgodery.” In Esegïel 37:23 sê die HERE, “Ek sal ... hulle reinig. (Dan) sal hulle my volk wees en Ek sal hulle God wees.”

(3) Die reiniging deur Johannes die Doper.

As Johannes die Doper nie die Messias was nie en ook nie een van die verwagte voorlopers van die Messias nie, waarom doop hy dan wel met water? Dit is duidelik dat die Fariseërs nie begryp het wie Johannes die Doper was nie. Hulle het nie begryp toe hy vir hulle gesê het dat hy die een was van wie Jesaja 40:3 gesê het: “Iemand roep: ‘Maak vir die Here ’n pad in die woestyn, maak in die barre wêreld ’n grootpad vir ons God!’” Hiermee het Johannes duidelik te kenne gegee dat hy die voorloper van die Messias was en ook dat die Messias niemand minder is as die HERE (Hebreeus: JaHWeH) (God) Self nie (Markus 1:1-3)!

Johannes het gesê dat die Messias al tussen hulle staan, maar dat die Jode Hom nie herken het nie! Hy het die Jode gewaarsku dat hulle nie in hulle ywer om ’n valse messias te ontmasker die ware Messias verontagsaam nie! In Johannes 1:31 sê Johannes dat die rede waarom hy met water doop was om die ware Messias aan Israel voor te stel. Markus 1:4 sê dat Johannes die Doper gekom het om “’n doop tot vergewing van sondes” te verkondig. Hy het die Jode opgeroep om hulle te bekeer van hulle sondes en hulle harte voor te berei om die Messias te ontvang. Hy het mense met water gedoop as ’n teken dat hulle hul voorberei om die Messias te ontvang. Die water van die doop simboliseer hulle behoefte om geestelik gereinig te word! Die doop van Johannes behoort nog tot die Ou-Testamentiese reinigingsrites wat mense seremonieel reinig (om tot God te nader). Deur sy prediking en doop met water het hy die aandag van Israel gevestig op die Lam van God wat die sonde van die wêreld sou wegneem en mense met die Heilige Gees sou doop (Johannes 1:33). Johannes die Doper het net die teken gegee, terwyl die Messias, Jesus Christus, die werklikheid, gegee het, naamlik, die reiniging en wedergeboorte van die Heilige Gees (Markus 1:8; Johannes 3:5; Titus 3:4-6)!

1:29

Vraag 3. Waarom word Jesus ‘die Lam van God’ genoem?

Aantekeninge.

Jesus Christus word ‘die Lam van God’ genoem omdat Hy die verskillende illustrasies (tipes) van lammers in die Ou Testament vervul het. In die Ou Testament is ‘die lam’ ’n skaduwee (tipe, illustrasie) vir die toekomstige werklikheid (antitipe), met name, die Messias.

(1) Die paaslam.

Die paaslam is op die Paasfees geslag en die bloed is aan die deurkose van gelowiges in Egipte gesmeer ten einde God se toorn en oordeel (verdoemenis) van mense wat hulle in Egipte nie bekeer nie, weg te keer. 1 Korintiërs 5:7 sê van Jesus, “ons Paaslam is vir ons geslag”. 1 Petrus 1:18-19 sê dat Christene losgekoop is uit ’n oorgeërfde sinlose bestaan met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is.

(2) Die lam vir die daaglikse brandoffers (vuuroffers).

Volgens Numeri 28:4 moes die priester ’n lam elke oggend en elke aand op die brandofferaltaar offer. Volgens Levitikus 1 moes die lam sonder enige gebrek wees, omdat dit die sondeloosheid van Jesus Christus gesimboliseer het. Die priester moes sy hand op die kop van die lam sit om te simboliseer dat die sonde van die offeraar op Jesus Christus gelê word. In die Ou Testament is ‘die brandoffer’ deur God aanvaar as soenoffer vir sy sondes. Net so in die Nuwe Testament is die soenoffer van Jesus Christus aan die kruis die enigste effektiewe manier om versoening vir die sondes van gelowiges te doen (Romeine 3:25).

(3) Die lam in Jesaja 53.

Jesaja 53:6-7 en vers 10 sê: “Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy *eie* pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op Hom laat afkom. HY is mishandel, maar hy het geduldig gebly, hy het nie gekla nie. Soos ’n lam wat na die slagplek toe gelei word en soos ’n skaap wat stil is as hy geskeer word, het hy nie gekla nie ... As hy sy lewe *as skuldoffer* gee, sal hy ’n nageslag hê.” Levitikus 5:14-16 leer dat ‘die skuldoffer’ versoening (en vergewing) bring vir sondes wat onopsetlik gedoen is teen die heilige dinge van die Here. Dit het die toorn van die HERE weggeëem.

Dus al drie lammers in die Ou Testament was illustrasies (tipes) wat hulle vervulling (antitipe) vind in Jesus Christus in die Nuwe Testament!

1:32

Vraag 4. Waarom was dit nodig dat Jesus Christus die Heilige Gees op ’n sigbare wyse ontvang?

Aantekeninge.

Die skrywer van die Johannes Evangelie veronderstel dat sy lesers bekend was met die ander drie Evangelies wat vertel van die doop van Jesus in die Jordaan rivier. Toe het die Heilige Gees in die vorm van ’n duif uit die hemel neergedaal en op Jesus gebly. Hoewel die Heilige Gees nie ’n liggaam het nie en daarom normaalweg nie met die blote oog gesien kan word nie, het God toegelaat dat Johannes en Jesus die Heilige Gees kon sien in die vorm van ’n duif. God het ’n duif gekies, omdat die duif ’n simbool is van suiwerheid, reinheid, sagmoedigheid en vrede en al hierdie punte is op ’n oortreffende wyse eienskappe (kenmerke) van die Heilige Gees. Die Heilige Gees is *suiwer, rein* en daarom staan in

Efesiërs 4:30 geskryf dat sonde die Heilige Gees bedroef. Die Heilige Gees is *sagmoedig* omdat Hy volgens Johannes 16:8,13 nie die waarheid op mense afdwing nie, maar mense op sagmoedige wyse oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel. Die Heilige Gees is *vrede* omdat volgens Romeine 14:17-20 Hy niks doen om mense te laat struikel en in stukkie te breek nie, maar net wat mense heelmaak asof hulle nooit gebreek het nie. Die Heilige Gees het 'n rukkie sigbaar op Jesus gebly en die stem van God die Vader uit die hemel het duidelik gesê, "Dit is My geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My" (Matteus 3:16-17). Hier het die Drie-enige God Hom as die Vader, die Seun en die Heilige Gees gemanifesteer!

Maar waarom was dit nodig dat Jesus Christus dan die Heilige Gees ontvang? Volgens 2 Korintiërs 3:17 is die Seun van God *na sy goddelike natuur* die Heilige Gees, maar *na sy menslike natuur* het Hy die Heilige Gees ontvang. So was sy goddelike natuur en menslike natuur nie van mekaar geskei nie. Toe Jesus Christus tydens sy doop met water die Heilige Gees ontvang het, het Hy die Heilige Gees na sy menslike natuur ontvang. So is Jesus Christus met die Heilige Gees gesalf en dus deur God *georden (in die openbaar aangewys)* vir sy spesifieke taak as Middelaar tussen God en mense en is Hy met die Heilige Gees *toegerus* om sy taak uit te voer. In Lukas 4:18-19 het Jesus Self gesê dat die profesie in Jesaja 61:1-2 in Hom in vervulling gegaan het, "Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdrukte in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig." En Johannes 3:34 het gesê dat God die Heilige Gees sonder enige beperking aan Jesus Christus gegee het! Dit beteken dieselfde wanneer Paulus in Kolossense 2:9 sê, "In Hom is die volle wese van God beliggam."

1:47

Vraag 5. Waarom noem Jesus Natanael "’n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie”?

Aantekeninge.

Die verwysing in vers 51 is na trappe waarop engele uit die hemel af- en opklim. Dit dui aan dat Jesus aan die aartsvader Jakob gedink het toe Hy met Natanael gepraat het. In Genesis 27:35-36 het Isak aan Esau gesê dat sy broer Jakob op 'n bedrieglike wyse die seën van sy eersgeboortereg van hom gesteel het. Die naam 'Jakob' beteken 'bedrieër'. Maar 'bedrog' kenmerk nie net die aartsvader Jakob nie, maar ook die seuns van Jakob, die Israeliete (die Jode). In Genesis 34 het hulle al die manne in 'n stad met bedrog vermoor en hulle besittings geroof.

'n Egte eerlike Israeliet, 'n Jood sonder bedrog, was 'n seldsame verskynsel in daardie tyd, sodat Jesus die feit moes uitroep! Waarskynlik is verraderlike bedrieëry 'n kenmerk van mense in alle volke. In Johannes 2:24-25 sê Jesus dat Hy alle mense deur en deur ken en weet wat in hulle gedagtes aangaan. So ken Jesus Christus ook vir my en jou deur en deur. Hy ken ons gedagtes, motiewe en gesindhede (vergelyk Psalm 139:1-4). Hy weet ook wanneer ons neigings bedrieglik is. Daarom is dit so belangrik dat die Heilige Gees ons gedagtes, motiewe en gesindhede verander.

1:51

Vraag 6. Wat is die betekenis van engele wat op die Seun van die Mens neerdaal en opstyg?

Aantekeninge.

In Genesis 28 het Jakob in sy droom 'n leër gesien wat op die aarde staan en reik tot in die hemel, waarmee die engele van God op en af klim. Die HERE Self het aan die bopunt van die Leër gestaan en Jakob geseën. Hy het aan Jakob beloof, "Hulle sal so *baie wees* soos die stof van die aarde, en jy sal jou gebied na alle kante toe uitbrei, en in jou en jou nageslag (naamlik, Jesus Christus)(Galasiërs 3:16) sal al die volke van die aarde geseën wees. Ek is by jou en Ek sal jou beskerm waar jy ook al gaan. Ek sal jou na hierdie land toe terugbring. Ek sal jou nie in die steek laat nie. Ek sal doen wat Ek jou beloof het." (Genesis 28:14-15).

Nou toon Jesus in die Johannes Evangelie aan dat hierdie belofte aan Jakob, hierdie illustrasie (tipe), sy vervulling (antitipe) vind in Jesus Christus! **Jesus Christus Self is die skakel (verbinding) tussen hemel en aarde!** Hy is die enige Middelaar tussen God en mense (1 Timoteus 2:5)! Deur sy soendood aan die kruis versoen Hy God met mense en mense met God.

Jesus het vir Natanael gesê dat hy nog baie groter dinge sou sien. Wat was hierdie 'groter dinge'? Die dissipels het gesien dat Jesus 'n soewereine en alles-deurdringende kennis het van mense en dat Hy binne in Natanael se hart kon sien. Van nou af sou die dissipels nog meer *goddelike eienskappe van Jesus* leer ken. Hulle sou sien hoe sy kruisdood die hemel heeltemal oopgooi en hoe mense van oor die hele aarde na God toe getrek word en met God versoen word (Johannes 8:28; 12:32). Uiteindelik sou hulle op die laaste oordeelsdag Jesus Christus sien, met universele mag en gesag beklee om te oordeel en oor die nuwe hemel en die nuwe aarde te heers (Daniël 7:13-14).

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou saam 'n dinkskrum en maak 'n kort lysie van moontlike toepassings uit Johannes 1:19-51.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK IN JOU LEWE MAAK?

Skryf neer. As jy 'n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie. (Let wel dat hoewel 'n waarheid dieselfde bly, kan daar moontlik 'n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid wees. Hier volg 'n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Johannes 1:19-51.

- 1:22-23. Wanneer mense jou vra, gee dan 'n duidelike verduideliking oor jou taak en roeping in die lewe.
1:29. Wys mense weg van jouself na Jesus Christus toe, die Lam van God. Stel mense voor aan Jesus Christus.
1:33. Die eenmalige 'doop met die Heilige Gees' word die beste in 1 Korintiërs 12:12-13, Johannes 3:3-8 en Titus 3:4-8 beskryf. Die herhaaldelike 'vervulling met die Heilige Gees' word in Efesiërs 5:18-21 geleer.
1:39. Betrek mense by die lewens en byeenkomste van Christene. Sê ook vir hulle: "Kom saam dan sal julle sien!"
1:42. Bring jou familieledede na Christus toe.
1:42. Kyk na mense, nie maar net na hoe hulle nou is nie, maar ook na hoe hulle deur Jesus Christus verander kan word.
1:43. Jesus roep ons, nie om Hom net te bewonder nie, maar ook om Hom te volg, d.w.s. sy dissipel te word.
1:44. Vertel jou vriende van Jesus Christus. Die profete in die Ou-Testamentiese tyd het al oor Hom geprofeteer.
1:47. Waardeer mense as hulle waardering waardig is.
1:49. Dink na: "Wat is jou belydenis aangaande Jesus Christus?"

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Johannes 1:19-51.

Omdat dit so belangrik is 'om te gaan en te sien', neem ek gereeld deel aan christelike byeenkomste, sodat ook ek kan sien wie Christene is en wat hulle doen. Ek wil Jesus Christus beter leer ken en daarom het ek aangesluit by 'n Bybelstudiegroep (dissipelskap groep).

Jesus het na Petrus gekyk, nie alleen hoe hy nou was nie, maar ook na hoe hy in die toekoms kon verander. Dit bemoedig my baie, omdat Jesus na my kyk hoe ek in die toekoms deur sy genade gaan verander. Daarom verwag ek dat Jesus Christus my sal verander en my die persoon sal maak wat Hy wil hê dat ek sal wees.

STAP 5. BID.

REAKSIE

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Johannes 1:19-51.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur maar één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5

GEBED (8 minute)

[VOORBIDDING]
BID VIR ANDERE

As **daar tyd is gaan voort met bid** in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6

VOORBEREIDING (2 minute)

[OPDRAGTE]
VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Johannes 1:19-51 saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit 1 Korintiërs 6 - 8. Maak gebruik van die uitgekose Bybelverses of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelverses: (1) Johannes 1:14. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
6. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.